DEEL 115 | WEEK 7 | 17 FEBRUARIE 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR











# HERSTEL DUUR VOORT

Dit is amper 'n maand sedert individuele boere in die Sasolburg-Heilbron omgewing die dodelike provinsiale R57-pad herstel het. Met meer as R100 000 wat boere uit hul eie sakke betaal het, om 35 kilometer van die pad te herstel, moet daar weer opvolg onderhoud gedoen word. "As gevolg van die baie reën die afgelope tyd is daar weer heelwat slaggate" vertel Willie Lombard boer in die omgewing. Die boere beoog om die pad se slaggate so gou as moontlik weer reg te maak voor dit weer onrybaar raak. Die Gottenburg boerevereniging het ook inisiatief geneem en aangesluit by die projek.

Tydens die vorige geleentheid het die boere altesaam 900 sakkies teer aangekoop en ongeveer 800 liter bitumen emulsie wat dien as seelmiddel, gebruik. Willie Lombard vertel ook dat die herstel van die pad 'n herhaaldelike storie sal wees en dit word beweer dat die pad elke drie maande opgevul sal moet word om sy toestand in stand te hou. Die onkostes sal die boere egter nie self kan dra nie, en daarom vra hulle met hoed in die hand dat enige bereidwilliger 'n bydrae sal maak tot die projek.

Verskeie besighede en individue trek voordeel uit die feit dat die pad in 'n rybare toestand is en spaar almal tyd en geld.

Die bydrae kan gemaak word in die volgende bank rekening. Gottenburg Boerevereniging ABSA BANK. Tjekrekening nommer 409 362 3223. Kode 334 336. Gebruik asseblief die verwysing Sasolburg-Heilbron Teer.










# Wat het geword van Heilbron

## *Modeldorp van Noord-Vrystaat!*

**• *Tom Watson***

Sit nou die dag met heimwee – wat seker elke inwoner van Heilbron het – en peins oor wat geword het van die modeldorp Heilbron wat in die sestigerjare van die vorige eeu die toonaangewende dorp was!

Die inwoners van alle rasse het met trots gepraat van hul dorp. Daar was werk vir almal, water was nie 'n probleem nie, elektriese krag beskikbaar en almal het saamgewerk om meer fabrieke hier gevestig te kry!

Sandersville is ontwikkel as tuiste vir bruin inwoners en werk was daar.

Met die groei van die inwonergetal is daar 'n waterpyplyn aangelê vanaf Deneysville, Vaaldam – gesuiwerde water.

Vegkop uitbreiding is aangelê.

Die mannekrag – sakemanne, politieke manne, inwoners, boere – almal met mag en krag gewerk om Heilbron hoofingang na die Witwatersrand te maak. En hulle het daarin geslaag – kyk vandag nog na al die voertuie wat deur Heilbron ry!

Die fabrieke is volgens die regering se desentralisasie beleid op Heilbron gevestig. Heilbron was 'n groeipunt!

Die skole, kerke, staatsdiens, sake ondernemings, ens het geblom.

Almal was en is steeds seker nog trots op hul dorp – net die gees ontbreek! Die wil om die verandering van politiek te gebruik om voort te bou waarop wat reeds begin was, dit aan te gryp as wegspringplek vir die water van ontwikkeling.

Die boere het die afgelope maand of wat gewys wat gedoen kan word met die herstel van slaggate tussen Heilbron en Sasolburg. Die begrafnispad wat lewens ge-eis het, wrakke gemaak het van voertuie! Die boere het 'n plan gemaak!

Daar lê nou 'n onus, of kom ons stel eerder so 'n wilskrag op ons om Heilbron se aansig weer op te kikker, te verfraai, sodat die reisigers en besoekers die boodskap kry dat daar dinge aan die gebeur is op Heilbron!

Dit gaan inwoners nie 'n arm en 'n been kos om Heilbron se ingang of deurgang netjies, rustig, mooi, pragtig te skep nie!

Dit gaan net samewerking, wilskrag, en moed kos om die bal aan die rol te sit.

En wie gaan die wenner wees – die inwoners. Hulle trots, hulle dorp, hulle wil om Heilbron weer verder te vat op die reis na 'n nuwe toekoms, waar daar nie negatiewe gedagtes heel en aldag rondgegooi word nie, maar die aansteeklikheid van vooruitgang die vars skoon water op die nywerheidsreus van die ingang na die Witwatersrand.




*Fanie Mthimkhulu, een van Heilbron se tuiniers het hierdie week die weg aangewys om Heilbron se deurgang pragtig mooi te maak toe hy die middelman skoon geskoffel het. Hy het 'n uitdaging gerig aan al die inwoners om die roete deur Heilbron mooi netjies te maak. Heilbron het 'n mooi deurgang dit kort net bietjie samewerking van almal. Sy buurman het reeds ingewillig om sy deel ook skoon te maak, veral met die baie reën wat aandleiding gee tot die groei van onkruid. Kom ons bring weer die heil terug in Heilbron en neem hom na 'n ander vlak. Daar sal ook onderhandel word met die munisipale bestuurder om die onooglike rommelhoop by die NG Moederkerk weg te ry en 'n verbod te plaas op die strooi daar. Daar sal ook asblikke aangebring word waar vullis weggegooi kan word.Het al gewonder hoe voel ons Hemelse Vader oor die rommel by Sy huis van aanbidding. Heilbron se gesondheidsinspekteur kan dalk 'n rol speel!*

# Melkskommel op liefde

*Die Huppel Trippel Klub het hulself op Valentynsdag bederf met melkskommels by die Spur. Dit was 'n heerlike uitstappie waartydens almal gesellig kon kuier met vriende en kennisse. Almal stem saam dat hierdie soort uitstappie baie meer gereeld gedoen moet word.*

*Op die foto voor: Magdaleen Janse van Rensburg en Alberta Kühn.*
*Agter vl: Regina Jordaan, Hestél Geldenhuys, Nonna Roos, en Sharky Kühn.*



# Uitdiepen: Week 7 van 2023



Ek dink baie keer terug aan daardie tyd in my lewe toe ek voortvarend was, en gedink het ek is die spilpunt van almal se bestaan. Ek het wel 'n paar dinge reggekry: ek het onder andere 'n buslisensie losgeslaan (die enigste vrou by die skool wat die groot, blou Mercedes bus bestuur het). Tot groot verleentheid van sommige mans wat dit nog nie kon doen nie. Alhoewel ek nie genoeg krag in my arms gehad het om die handrem op te trek nie. Ek sou dit nie daardie tyd erken het nie, maar ek het ook oor 'n paar sypaadjies gery. Met gemak.

Ek het, met buslisensie en al, kinders vervoer, terwyl ek nie eers twee maal oor ons almal se veiligheid gedink het nie. Ek het ook een aand, met 'n personeelfunksie, met onderwysers op die dak rondgery, weereens sonder om daaroor te dink. Daarvan het ek julle al vertel.

Maar met ouderdom kom wysheid. Of so dink ek. Daar is idees en opinies wat drasties verander.

Soos met sosiale media. Toe Facebook sy opwagting maak, het ek ywerig meegedoen. Fototjies opgesit, mense opgespoor, gesels en gelag. Daardie dae het die skool aan ons data voorsien, en ek het ekstra aangekoop om my Facebookbladsy te bedryf. Ek dink ons was daardie dae slegs drie persooneellede wat aktief was op Facebook.

Maar nou dink ek anders daaroor. Sosiale media is 'n euwel. Klaar. Dit gee 'n skewe beeld van die werlikheid, en die keyboard warriors dink hulle kan almal beledig en goed toesnou, omdat hulle veilig agter 'n skerm sit. Ek sluit TikTok, Twitter en Instagram in. Want as dit nie op sosiale media is nie, het dit nooit gebeur nie, sê hulle.

Almal lyk mooi op sosiale media. Hulle het 'n sprokieslewe en dra die mooiste klere. Hulle ry mooi, duur karre (waarin hulle eintlik net geposeer het), en maak die liederlikste spelfoute. Maar dit maak nie vir hulle saak nie, want almal, selfs diegene wie hulle van g'n kant af ken nie, sien hulle flambojante kant.

Basta, sê ek. As jy op sosiale media verkondig dat jy tans op die lughawe is, op pad Europa toe vir drie weke, moenie verbaas wees wanneer jy terugkom na 'n leë huis nie. Want jy adverteer alles.

As jy pragtige fototjies van jou kinders plaas, moenie skrik as die fotos iewers anders gebruik word vir human trafficking nie. En nee, dis nie vergesog nie. Daar is werklik mense wat so wreed is.

Onlangs het iemand iets oor ons maatskappy op Twitter gepos. Iets wat heeltemal onwaar is. Daar was dreigemente en naming and shaming en almal op die Twitter-wa het saamgery. Sonder dat hulle enige feite het. Hierdie is nou vir ewig in die publieke domein. Ons het nie kans gehad om enige kommentaar te lewer nie, en die skade was klaar gedoen. Mense is getraumatiseerd gelaat.

Praat van: Never underestimate the power of stupid people in large crowds.

Die jongklomp is konstant op sosiale media, of op hulle selfone. Orals. Langs jou, agter jou, voor jou. En die huidige tendens is dat hulle oor die luidspreker gesprekke voer. Sodat jy elke woord kan hoor en nog sommer wil saampraat ook. En wanneer jy durf saampraat, word jy vuil uitgekyk.

Asof dit nie genoeg is nie, loop mense voor jou en langs jou en voer videogesprekke met iemand anders. Die foon word so armlengte voor jou gehou en jy gesels, stamp teen aankomende verkeer terwyl jy jou hare probeer regtrek en die slaap uit jou linkerooghoek vroetel.

Of wat van daardie mamparra wat kliphard na musiek op sy selfoon luister. In 'n winkel of restaurant, selfs in 'n dokter se spreekkamer. Maar dan stop dit nie met musiek nie, hulle kyk en luister TikTok videos of ander media tussen ander mense. Wat nie noodwendig enige belang daarby het nie. Smaak my dat oorfone ook saam met goeie maniere in die asblik beland het.

Aanvanklik was tegnologie ook vir my 'n heerlike nuutjie, maar tye het verander. Ek wil nie eers hê iemand moet my op WhatsApp bel nie. Ja, ek besef dat dit veel goedkoper is. Die beller gebruik sy eie data om my te bel, en ek gebruik van my data om met hom te praat. Is dit nie effens ongeskik nie? As ek met iemand wil gesels, dan klink dit net vir my dat daardie persoon maar sy of haar eie geld op lugtyd kan spandeer om met my te gesels. Ek het nie onbeperkte WiFi toegang nie, myne kos geld. Wanneer iemand met onbeperkte WiFi bel, gesels hulle letterlik vir ure. Jammer, maar ek het 'n regte werk om te doen. Bel gerus met jou belgeld, dan sê ons vir mekaar wat ons wil sê en dis dit.

End van die prent.

Sosiale media en die tegnologie wat daarmee saamgaan, is nie altyd bevorderlik nie. Wanneer jy jonk is, klink dit na die regte ding, maar wanneer dit jou lewe oorneem, is dit 'n euwel. Moenie jou blind staar daarteen nie. Dis net eenvoudig nie die moeite werd nie.

Vandag se gesels is nie net oor sosiale media en selfoongebruik nie, maar ook om van gedagte en opinie te verander, soos wat meer inligting tot jou beskikking kom en jou ervaringsveld vergroot.

Opinies hoef nie vir altyd staties te bly nie.

Die les vir hierdie week is dat jy nie altyd saam met die stroom hoef te gaan nie. Jy mag verskil van diegene rondom jou.

My vriendin Ina, wat in Doha bly, het altyd gesê dat wanneer sy die dag doodgaan en niemand haar kry nie, moet hulle haar gaan soek. Sy sal stroom-op in 'n rivier lê. Amper soos ek.

Jy hoef nie te maak soos ander maak nie. Jy hoef nie een opinie vir die res van jou lewe te hê nie. Jy mag stroom-op wees.

En niemand het die reg om jou van jou opinie te laat afsien nie.

Want dit is jou opinie, gebaseer op sekere feite en ondervindings.

# Munisipale probleme ontbloot

Dat Ngwathe se ANC-beheerde munisipaliteit op vele terreine klaaglik misluk blyk duidelik uit die munisipaliteit se mees onlangse Jaarverslag. Só sê Ngwathe se sewe DA-raadslede in 'n verklaring aan Herald. Inwoners van Heilbron (asook Ngwathe se vier ander dorpe) kry vandeesmaand kans om self daaroor te oordeel tydens openbare raadplegings oor die Jaarverslag. Dit begin volgende week. In die sittings sal die publiek kans kry vir vrae, kritiek, en aanbevelings.

Burgemeester Victoria de Beer het op 31 Januarie in Parys formeel die Jaarverslag vir 2022 in die Raad publiek gemaak. Die volle teks is reeds beskikbaar by openbare biblioteke, munisipale kantore, en op Ngwathe se webtuiste.

Volgens wet moet 'n jaarverslag alle munisipale aktiwiteite opsom, aandui in welke mate begrotingsteikens getref is, en die gemeenskap in staat stel om besluite te betrag en te bevraagteken. Dit sluit die munisipale jaarstate in, asook die verslag daaroor deur die Ouditeur-generaal, en ook details oor agterstallige skuld deur en aan die munisipaliteit. Dit vergelyk ook die werklike invordering van inkomste vanaf elke inkomstebron en in elke departementele begrotingspos teen verlede jaar se begrotingsdoelwitte.

" Dis 'n nuttige dokument, veral in swakbestuurde munisipaliteite wat in 'n geldkrisis verkeer, soos Ngwath tans," sê die DA-raadslede in hul verklaring. Hulle wys daarop dat Ngwathe se nettoverlies verlede jaar " opgeskiet het tot 'n ongekende R212miljoen" (Herald, 10 Februarie). "Ons vertrou die publiek sal met mening kom vrae vra en ook kritiseer, want dit sterk ons hande in ons stryd vir flinker dienslewering en beter finansiële beheer, " sê DA-koukusleier Carina Serfontein.

Die tydrooster en plekke vir die openbare byeenkomste is eergister gefinaliseer. Dit behoort vandoog reeds in munisipale kantore en op Ngwathe se webtuiste te wees.

Herald sal dit aanstaande week publiseer.

# Vrystaatse boere sal help om SA te laat werk - Ongeag!

Ongeag of die regering kan hou by die edele planne waartoe president Ramaphosa hom in sy staatsrede van 2023 verbind het, sal die boere van die Vrystaat voortgaan om planne te maak om uitdagings te oorkom soos dit in hul DNS vasgestel is - ongeag!

Vrystaat Landbou (VL) verwelkom 'n verbintenis deur die presidensie om die energieuitdaging met dringendheid aan te spreek en wag op maatreëls wat na die tesourie verwys word om alternatiewe energieproduksie aan te spoor en netwerkkapasiteit en betroubaarheid te verhoog. Volgens dr Jack Armour, kommersiële bestuurder van VL, het Vrystaatse boere aangedui dat beurtkrag die sektor in net 2 maande (Des 2022 en Jan 2023) minstens R371 miljoen gekos het. "Die R371 miljoen bestaan uit oesverliese as gevolg van boere wat nie kan besproei nie, ander boere en agri-besighede wat nie koue kettings in stand kan hou en voedsel verwerk nie en gedwonge besteding aan nood alternatiewe energiebronne en die brandstof om hierdie te bedryf."

Friedl von Maltitz, visepresident van VL, het oor die verklaring van 'n ramptoestand gesê dat die organisasies se lede gekant is teen die aankondiging, gebaseer op die korrupsie en gevaarlike vlakke van mag wat tydens Covid-19 aan die staat verleen is. "Ons sal ons lede aanspoor om aan die regulasies te voldoen, maar waar regulasies teenproduktief is vir finansiële oorlewing en/of voedselsekerheid, sal ons dadelik toetree om die amptelike kanale te mobiliseer soos ons tydens Covid-19 gedoen het."

"'n Rampverklaring beteken dat beperkte fondse herlei word na byvoorbeeld diesel vir noodenergieproduksie terwyl kragstasies reggemaak word. Ons sal diegene wat die fondse administreer en bestuur aanspreeklik hou en probeer verseker dat die fondse doeltreffend aangewend word. Waar fondse dringend benodig word vir die instand-houding en herstel van kritieke infrastruktuur soos paaie en landelike veiligheid, sal ons aandring dat die fondse dienooreenkomstig aangewend word om die kwessie aan te spreek."

"VL wag op die begrotingsrede van 22 Februarie wat die finansies sal balanseer tussen die behoeftes en planne wat in die staatsrede voorgestel word.

Mnr Ramaphosa het al die regte dinge vir potensiële beleggers en komende verkiesings gesê en erken "ons grootste swakpunte is in staatsbeheerde ondernemings en plaaslike regering" en " 'n professionele staatsdiens, beman deur vaardige, toegewyde en etiese mense, is van kritieke belang vir 'n doeltreffende staat en beëindiging van korrupsie en vermorsing". Ons kan maar net hoop dat hy in staat is om woord by de daad te voeg en die veranderinge wat nodig is om Suid-Afrika weer deur sy kabinet te laat werk kan deurvoer.

"Ongeag, ons sal voortgaan om voedsel vir Suid-Afrika se burgers te produseer!" sê von Maltitz.

***Bron: Vrystaat Landbou***

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron •Tel: 058 853 0006

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL










Brand new place, same friendly faces. We are delighted to announce Sandra van Dyk, our General Manager at BMW Bethlehem and her team. We are hoping to see you at our brand-new-state-of-the-art dealership.

We are thrilled to invite you to your first BMW Motorrad dealership in your backyard, and we are pumped for the adventures ahead. From bike sales to servicing, access to lifestyle products and so much more - we have it all. Keep an eye on our social pages.

*The only thing that beats the captivating sight of our bikes is their sound.*

*Bethlehem standby and let us introduce, Hanno Coetzee, our BMW Motorrad Sales Executive, as you will soon hear our roars across the city.*



# Vuurwarm atletiek

*Die primêre leerders van Hoërskool Heilbron het Dinsdag, 14 Februarie gesorg vir 'n vuurwarm atletiekvertoning by die uitdunne van die Fezile Dabi Distrik. Die volgende atlete het deurgedring na die Noord Vrystaat byeenkoms wat op 25 Februarie sal plaasvind en het 1ste tot 4de plekke behaal. Gerrit du Plooy – gewigstoot en diskus, Elne du Plooy – gewigstoot, Ernest Scheepers – gewigstoot, Jurie Jonker – gewigstoot, Justin v Rooyen – hoogspring, PL Snyman – gewigstoot, RJ Muller – 60m, Luane Engelbrecht – gewigstoot, Sharmone Ribeiro – 150m, Lume Terblanche – gewigstoot, Chrisanle Boschoff – hoogspring. Noord Vrystaat is net vanaf 0/9, maar Lienke Terblanche behaal 2de plek in 60m dogters 0/8.*

## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 18 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 11 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 15 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |



## Kranige hengelaar

*Gerhard Fourie, leerling van Hoërskool Reitz het onlangs visse by dosyne ingekatrol en ook daarin geslaag om die titel van Protea-hengelaar te verower.*








## Gratis beskikbaar!

**4 plaat elektriese "hob" sonder oond**
gratis beskikbaar
wat pas op 'n Defy Gemini Multi Chef Thermofan oond.
Indien u glasplaat dalk gekraak of stukkend is
kontak Tom Watson 083 644 0094.









# Troukoors



***TROUKLOKKE LUI VIR BEKENDE BOER:*** *Tsaats en Alta Hattingh het die knoop op Saterdag 11 Februarie by die sprokiesmooi Bella Montagna trou-en konferensielokaal in die hartjie van die Oos-Vrystaat deurgehak. Tsaats, bekende boer van die Wesdan Boerdery groep in Heilbron, het sy pragtige vroutjie in September 2022 die groot ja-woord gevra. Alta was in daardie stadium 'n drama- en kunsonderwyser in Bethlehem en het haar hierdie jaar in Heilbron kom vestig. Sy beklee tans 'n pos as aflos-onderwyser by Hoërskool Heilbron.*



*Juandré en Michaela Els is op 11 Februarie 2023 te Deus Amour Est getroud. Juandré is die seun van Thys en Elbie Els van Heilbron en Michaela is die dogter van Joanathan en Naomie Mouton vanaf Bella Bela. Die egpaar vestig hulself in Heilbron op die plaas Katriena.*

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **FERREIRA**
First names: **GEORGE DIEDERIK**
**ESTATE NUMBER: 6537/2022**
Identity/passport number: **430717 5043 087**
Date of death: **07/07/2022**
Last address: **40 Cilliers Street, Heilbron, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 17 February 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: B0107/0515**
**Date submitted: 2023/02/02**
**Publication Date: 2023/02/16**

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

**IN THE MAGISTRATE'S COURT FOR THE DISTRICT OF REITZ**
**HELD AT REITZ**
**CASE NO:** 76/2020
**In the matter between:-**
**TRANSPHARM (PTY) LTD**
**PLAINTIFF / EXECUTION CREDITOR**
and
**BETHLEHEM PHARMACY (PTY) LTD**
**DEFENDANT / EXECUTION DEBTOR**
**BE PLEASED TO TAKE NOTICE** that the below mentioned movable property of the Execution Debtor will be sold in execution in terms of a Default Judgment granted by the above Honourable Court against the Execution Debtor on 11 March 2021 in the sum of R152,379.72, together with interest on the aforesaid amount at a rate of 2% per month from 2 December 2019 to date of payment in full, which is now payable. The hereinafter mentioned movable property will be sold in execution by way of public auction by the Sheriff of the Court, Reitz, on **FRIDAY, 3 MARCH 2023 AT 13:15 AT 22 DE WET STREET, REITZ, 9810,** without reserve to the highest bidder, namely:
**3x Complete Computer Scan Pay Systems;**
**1x Double Door Fridge; 1x Defy Microwave;**
**1x LG Computer Screen; 1x Pharmacy Bed;**
**1x Adam Scale; 1x Dell Computer Complete;**
**1x Brother Printer J2720; 2x Office Chairs; and a variety of medicines.**
The aforesaid movable property is sold "voetstoots" and as it stands no representations regarding the aforesaid movable properties' condition are made.
Prospective bidders must provide proof of identity and residence in terms of the Financial Intelligence Centre Act, No 38 of 2001, ("FICA").
Signed at STELLENBOSCH on this 13th day of FEBRUARY 2023.
**WERKSMANS ATTORNEYS**
**JG CLOETE**
**ATTORNEYS FOR EXECUTION CREDITOR**
**2ND FLOOR, BLOCK B,**
**DE WAGENWEG OFFICE PARK,**
**STELLENTIA STREET,**
**STELLENBOSCH**
**E-MAIL: gcloete@werksmans.com**
**mengelbrecht@werksmans.com**
**(REF.: GC/me/TRAN17962.23)**
**TEL.: 021 809 6168**
**FAX.: 011 535 8583**
**C/O**
**BLIGNAUT & WESSELS ATTORNEYS**
**29 SAREL CILLIERS STREET,**
**REITZ**

**HOU HEILBRON SKOON**


Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Hendie Lötter
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za



2023 Dagboeke


Nog beskikbaar terwyl voorraad hou!



HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**



Herald
Office National
NCR Printing
no-carbon-required
Book Printing
Design & printing:
invoice books
receipt books
delivery books
order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate
& more
100%
OPERATIONAL





# DIENSTE • DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R


# TE KOOP • TE KOOP


KVA LISTER KRAGOPWEKKER
1 x 3-KVA Lister kragopwekker nog in goeie werkende toestand.
Prys: R18 000-00
Kontak 083 651 4570
K0587



**HOUSE FOR SALE HEILBRON 64 PIERCE STREET**
***A Charming old-fashioned house with spacious rooms and a beautiful pooled garden is for sale.***
This delightful Oregon pine wood floors and high pressed ceilings home has three bedrooms as well as an extra smaller bedroom that is suitable for either a study, kids' room or nursery with its own hand basin. The main bedroom is en suite; there is a second full bathroom and a third with a shower, hand basin and toilet.
Large kitchen, with a separate room pantry and a separate wash-up scullery.
Living areas consist of a formal lounge leading into a TV Lounge and a dining room, as well as an entrance hallway.
The TV room, dining room, main bedroom and second bedroom all have antique fireplaces for those cold winter nights
There are three garages. The servant's quarters have been converted as extra rooms leading into the garages and can be converted into an external apartment. There is an outside servant's toilet.
The house is situated on a large stand with a beautiful garden hosting large trees and shrubs. The outdoor entertainment area consists of a large sparking pool, an entertainment Lapa and a pub. The Lapa is also fitted with an indoor braai.
Price R1.7 Mil neg only serious buyers, please.
***Contact Chrissie Harmse on 063 089 5301 for further information.***


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


POSTNET HEILBRON
CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# SMALLS


BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078


HERALD Sport

# Reën maak rolbal-speel moeilik

Welkome reën die afgelope tyd het meegebring dat Valsrivier se gemengde pare kompetisie verlede Saterdag uigestel moes word na hierdie naweek; as ons die weervoorspelling kan glo, dan wil dit voorkom asof die kompetisie dalk weer verskuif sal moet word, maar die reën bly welkom.

Ten spyte daarvan dat die gemengde pare kompetisie uitgestel moes word was dit wel moontlik vir Valsrivier se Noord Vrystaat spelers om Sondag teen Noordwes in Welkom te kon speel.

Hierdie kompetisie is basies 'n jaarlikse oefening vir die twee distrikte ter voorbereiding vir provinsiale toernooie later in die seisoen. Ten einde te verseker dat hierdie oefening wel waarde toevoeg tot spelers se voorbereiding, word dit benader as 'n toernooi met 'n trofee wat toegeken word aan die wenners van die kompetisie.

Hierdie jaar het Noord Vrystaat se spelers besluit die trofee moet Vrystaat toe kom en hulle het dit gedoen.

Nou ja, die vraag: was dit hierdie jaar 'n vloekskoot, geluk of goeie rolbal? Vanjaar is die eerste keer sedert 2005 dat Noord Vrystaat hierdie trofee verower!!! Heilbron Rolbalklub is trots op hierdie prestasie deurdat 4 spelers van Heilbron, Rudi en Tracy Jacobs, Hannalie Claassen en TL de Waal, deel was van hierdie prestasie.

As weersomstandighede dit toelaat gaan 4 spanne (8 spelers) van Heilbron Sondag deelneem aan Valsrivier gemengde pare kompetisie terwyl Babs Knoesen saam met 'n speler van KBC sal speel.

Dr Nthabiseng Matla
PR 0955566
068 596 2426 | 067 931 3542
DR. NTHABISENG MATLA
HEALTH & WELLNESS CENTRE


Services Provided:
- Diagnosis and management of Acute and chronic conditions: Adults and children
- Antenatal and Post natal Care
- Women's health : PAP smears, Breast Examinations, Family Planning
- Immunizations and baby wellness services
- Men's health : circumcisions and Prostate screening
- Medical Reports and PDPs
- IV Vitamin Therapy
- Mental health and Counseling services
- Life and corporate coaching: (individual and group sessions)
- Contact and online sessions for all services
- We also do House calls on request

SCHOOL, WORK AND FAMILY CAN MAKE IT HARD FOR YOU TO FIND TIME FOR A DOCTOR. WE UNDERSTAND AND YOUR HEALTH IS IMPORTANT TO US

Dr. Matla dr_matlan

Heilbron GHOLFKLUB
Valentynsdans
Vrydag, 17 Februarie
vanaf 18:00 tot laat
Gratis Ingang
Verskeie Specials Beskikbaar

Couple's Gholfdag
Saterdag, 18 Februarie
Afslaan om 12:00
9 putjies
R300 per couple
Formaat: Scramble tot in gat
Braaipakkies Beskikbaar



SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
NEW SHOP
Opening Soon!
IN HEILBRON
All Electrical & Solar Appliances will be available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services
47 Cilliers Street, Heilbron
Contact Jarryd:
083 488 1640
jarrydovens9@gmail.com

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 20 FEBRUARIE 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

**DINSDAG - 21 FEBRUARIE 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

HARRISMITH: FERRERO BONSMARAS
470 Beeste
11:00, Grootdraai, Harrismith
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 22 FEBRUARIE 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

HEIDELBERG: RIETFONTEIN BOERDERY TRUST
140 Skape
11:00, Klipskuur, Rietfontein Heidelberg
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

PRETORIA: 1STE GANTOUW BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, Fire & Wine Arena, Pretoria
Kontak Chris van Heerden 083 440 0404

**DONDERDAG - 23 FEBRUARIE 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

HEILBRON: BREITENBACH BOERDERY
Uitverkoping van Merino/ Merino X kudde
11:00, Heuningkop, Heilbron
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

**VRYDAG - 24 FEBRUARIE 2023**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 25 FEBRUARIE 2023**

KLERKSDORP: DE LA BLANC WAGYU ALGEHELE UITVERKOPING
11:00, BKB veilingskrale
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

OK Foods
OK Express
DOP & TJOP
Combo Deal vir slegs
R29.99
Koop 'n sak van ons NUWE hout & 'n sak ys!